STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)
BUITELANDS 40c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 201] KAAPSTAD, 3 MAART 1982 CAPE TOWN, 3 MARCH 1982 [No. 8045

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 336. 3 Maart 1982.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 13 van 1982: Wysigingswet op Nasionale Parke, 1982.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 336. 3 March 1982.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 13 of 1982: National Parks Amendment Act, 1982.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Nasionale Parke, 1976, ten einde verdere voorsiening te maak betreffende die verkryging van grond vir die doeleindes van 'n nasionale park; en voorsiening te maak vir die delegasie van bevoegdhede deur die Minister van Omgewingsake; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1982.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Vervanging van artikel 3 van Wet 57 van 1976.

1. Artikel 3 van die Wet op Nasionale Parke, 1976, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verkryging van grond vir doeleindes van 'n park.

3. (1) Die Minister kan deur koop of op 'n ander wyse, met inbegrip van die in ruil gee van Staatsgrond buite 'n park geleë, of, as met die eienaar nie ooreengekom word nie, deur onteiening, grond **[wat deel van 'n park uitmaak]** of 'n mineraalreg oor **[sodanige]** grond vir die doeleindes van **[daardie]** 'n park verkry.

(2) Die bepalings van die Onteieningswet, **[1965]** 1975 (Wet No. 63 van 1975), geld *mutatis mutandis* in verband met die onteiening van grond of 'n mineraalreg kragtens subartikel (1).

(3) Grond deur die Minister kragtens subartikel (1) vir die doeleindes van die een of ander park verkry en wat nie deel van daardie park uitmaak nie, word onverwyld deur die Staatspresident kragtens artikel 2 (2) tot deel van daardie park verklaar.".

Invoeging van artikel 30A in Wet 57 van 1976.

2. Die volgende artikel word hierby in die Wet op Nasionale Parke, 1976, na artikel 30 ingevoeg:

„Delegasie van bevoegdhede deur Minister.

30A. (1) Die Minister kan 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan hom verleen aan die Direkteur-generaal: Omgewingsake of 'n ander beampte in die Departement van Omgewingsake delegeer.

(2) Die Minister kan te eniger tyd 'n delegasie kragtens subartikel (1) intrek, en geen delegasie van 'n bevoegdheid belet die uitoefening van daardie bevoegdheid deur die Minister self nie.".

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Nasionale Parke, 1982.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the National Parks Act, 1976, so as to make further provision with respect to the acquisition of land for the purposes of a national park; and to provide for the delegation of powers by the Minister of Environment Affairs; and to provide for matters incidental thereto.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 16 February 1982.*)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Substitution of section 3 of Act 57 of 1976.

1. The following section is hereby substituted for section 3 of the National Parks Act, 1976:

"Acquisition of land for purposes of a park.

3. (1) The Minister may, by purchase or otherwise, including exchange for State land situated outside a park, or, failing agreement with the owner, by expropriation, acquire any land **[included in a park]** or any mineral right in **[such]** land for the purposes of **[that]** a park.

(2) The provisions of the Expropriation Act, **[1965]** 1975 (Act No. 63 of 1975), shall *mutatis mutandis* apply in connection with any expropriation of land or any mineral right under subsection (1).

(3) Land acquired by the Minister under subsection (1) for the purposes of any park and not included in that park, shall forthwith be included by the State President under section 2 (2) in that park.".

Insertion of section 30A in Act 57 of 1976.

2. The following section is hereby inserted in the National Parks Act, 1976, after section 30:

"Delegation of powers by Minister.

30A. (1) The Minister may delegate any power conferred upon him by or under this Act to the Director-General: Environment Affairs or any other officer in the Department of Environment Affairs.

(2) The Minister may at any time revoke any delegation under subsection (1), and no delegation of any power shall prevent the exercise of that power by the Minister himself.".

Short title.

3. This Act shall be called the National Parks Amendment Act, 1982.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3173/12 500.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB3173/12 500.